

## **Kankerbehandeling kan nie uitgestel word nie**

**Yoshan Moodley en Timothy Morris\***

Die getal nuwe kanker gevalle in Suid-Afrika het tussen 2008 en 2019 met meer as 50% toegeneem, terwyl die getal kankerverwante sterftes met byna 30% oor dieselfde tydperk toegeneem het. 'n Algemene probleem met die behandeling van kanker in Suid-Afrika is dat 'n hoë persentasie nuwe gevalle – bykans 50% vir sommige soorte kanker – gediagnoseer word wanneer die siekte reeds gevorderd is.

Dit is dus van kardinale belang dat hierdie pasiënte tydig sorg ontvang, aangesien vertraagde kankerbehandeling hul kanse op komplikasies kan verhoog of die doeltreffendheid van genesende behandelings kan verlaag. Hierdie kwessie behoort ook hoog op die agenda te wees van Wêreldkankerdag op 4 Februarie, aangesien die 2025-'27-veldtog "Verenig in Uniekheid" die belang van 'n mensgesentreerde sorgbenadering en die soeke na nuwe en beter behandelings benadruk.

In hoë-inkomstelande is die maatstaf vir die aanvang van kankerbehandeling twee maande nadat 'n diagnose ontvang is. Dié maatstaf is nie vir die meeste pasiënte in Suid-Afrika haalbaar nie, deels weens beperkte toegang tot sorg- en ondersteuningsmeganismes gedurende kankerbehandeling, asook weens gebrekkige bewustheid oor die belangrikheid van tydig behandeling. Kankerbehandelingsentrums is gewoonlik om verskeie redes in stedelike gebiede geleë – maklike integrasie van hierdie dienste in bestaande gesondheidsorginfrastruktuur, toegang tot multidissiplinêre gesondheidsorgpersoneelspanne, stabiele elektrisiteitsvoorsiening vir operasiesale en bestralingsbehandelingsstoerusting. Boonop verkies die meeste kankerspesialiste om naby groot stede te woon.

Pasiënte wat in afgeleë landelike gebiede woon, sal vir vervoerkoste moet begroot. Pasiënte het ook bykomende ondersteuning tydens hul kankerbehandelingsproses nodig, veral met hul versorging by die huis. Diegene wat nie vriende of familie het om hulle te ondersteun nie, sukkel dikwels om hul aanbevole sorgplan te volg.

Bewustheid van die gevolge wanneer kankerbehandeling nie ontvang word nie, is 'n belangrike aansporing tot aksie vir pasiënte wat dalk steeds onseker is of hulle kankerbehandeling moet aanvaar of nie. Ofskoon ons regering baie gedoen het om sterftes weens infeksies soos MIV en tuberkulose aansienlik te verminder deur kennis te verbeter en bewustheid van hierdie siektes deur middel van openbare gesondheidsveldtogte te verhoog, is daar steeds baie wat gedoen moet word om die groeiende kankerprobleem die hoof te bied.

Hoe kan ons hierdie uitdagings in Suid-Afrika aanpak? Eerstens kan uitreikaktiwiteite, waardeur kankersentrums sekere dienste by ander gesondheidsorgfasiliteite buite die groot stede verskaf, toegang tot hierdie dienste verhoog deur die vermindering van reistyd en kostebesparings wat dit vir pasiënte meebring. Die fasilitering van gesubsidieerde of gratis vervoer vanaf pasiënte se huise na kankerbehandelingsentrums kan ook help om die

finansiële las op kankerpatiënte te verlig en hulle te bemagtig om hul behandeling te ontvang.

Tweedens moet pasiënte aangemoedig word om 'n goeie vriend of familielid te betrek om hulle tydens hul kankerreis te ondersteun. As dit nie 'n opsie is nie, kan hierdie ondersteunende rol gedelegeer word na gemotiveerde kankeroorlewendes wat pas gediagnoseerde pasiënte wil help.

Om algemene bewustheid oor kanker en die gevolge van vertraagde kankerbehandeling te verbeter sal beleidmakers laastens saam met kankerspesialiste en pasiëntvoorspraakgroepe moet werk om openbare gesondheidsveldtogte en inligtingsbrosjures te ontwikkel wat maklik deur kankerpatiënte en die publiek verstaan kan word.

Die vraag is of hierdie benaderings nie dalk die Suid-Afrikaanse openbare gesondheidstelsel, wat reeds onder druk verkeer, net nog meer geld gaan kos nie? Ons antwoord sou wees dat hoewel sekere kostes aanvanklik deur die openbare gesondheidstelsel aangegaan sal moet word, daar mettertyd geleidelik minder pasiënte sal wees wat laat sorg sal ontvang, asook minder komplikasies weens vertraagde sorg en meer suksesvolle behandelings van kankerpatiënte – wat alles kostebesparings op lang termyn sal meebring.

Deur toegang tot kankerbehandeling te verbeter, ondersteuningsmeganismes vir pasiënte te versterk en bewustheid oor kanker en vertraagde sorg te verhoog, is daar 'n werklike geleentheid om die huidige status quo vir pasiënte te verander. Kanker wag nie, en pasiënte wat met hierdie siekte gediagnoseer word, moet ook nie.

*\*Yoshan Moodley is 'n professor in Kankerwetenskap in die Afdeling Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.*

*Timothy Morris is 'n meestersgraadstudent aan dieselfde universiteit en doen navorsing oor vertraging in die ontvangs van kankersorg.*